

**Maandag 27 Februarie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22 (1983-vertaling)**

**Die vrug van die Gees – Liefde**

Eintlik is daar net een ding wat ek as Christen in my verhouding met ander mense moet doen: “Ek moet my naaste liefhê.” Reeds in Levitikus 19:18 het die Here die opdrag vir sy volk gegee. Jesus het tydens sy lewe op aarde dieselfde riglyn gegee in sy opsomming van die wet: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Paulus bevestig dit in vers 14 wanneer hy sê dat die hele wet in die een gebod saamgevat word: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Tog sukkel ons daarmee as gevolg van die sondeval waar die band tussen die mens en die bron van liefde – God self – gebreek is. Ons word deur ons sondige natuur beheer. Ons kry dit nie reg om lief te hê nie, en as ons rondom ons kyk, sien ons ook nie die liefde vir mekaar nie.

Die volgende klink alte bekend: *“onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienst, towery, vyandskap, haat, nabyer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge.”* In sy groot liefde het God egter nie die wêreld so gelaat nie. Met die stuur van sy Seun het sy liefde in die wêreld sigbaar en haalbaar geword.

Deur die geloof in Jesus kan ’n mens weer liefhê. Liefhê omdat die Heilige Gees, wat die geloof in mense werk, uitgestort is en beheer neem van die lewe van ’n gelowige mens. Deur die Gees kry ons deel aan die bron van liefde en nou begin ons lewe anders lyk.

Deur die Gees kom ’n ander vrug na vore – dié vrug is liefde. Dit is ook nie so moeilik om liefde te beskryf nie. Paulus skets die veelkleurigheid van die liefde met woorde soos: vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

*Sing: Skrifbelyning 9-4:1-3*

*Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)*